Van links is Wilma Beukes, 'n maatskaplike werkster, Ria Andrew, leier van die Khomasstreek werkskool en René Adams, hoof maatskaplike werkster van die Otjozondupa streek.

Khomasstreek werkskool 'n reuse sukses

Deur Marietjie Naude

Die Vroue Manifes Netwerk het op 6 November 'n tweeledige werkskool aangebied waar aandag aan kiesersonderrig gegee is en die Namibiese Vroue Manifes amptelik in die Komasstreek geloods is.

Me. René Adams het tydens die opening van die werkskool gesê vroue het reeds baie in Namibië vermag. Die opstelproses van die verkragtingswet is as 'n voorbeeld voorgehou. Sy meen die gemeenskaplike doel van vroue en die eerste vrouemanifes in Namibië is daarop gemik om vroue te bemagtig. Volgens haar is dié bemagtiging noodsaaklik om te verseker dat vroue hul regmatige plek in die samelewing en besluitnemingsposisies inneem, asook vir die bevordering van vrede.

Een van die grootste maatskaplike probleme in Namibië is armoede. Me. Adams het genoem dat armoede kan lei tot kwesbaarheid vir misbruik, siektes, misdaad, verkragting en alkoholmisbruik. Sy sê die tyd het aangebreek om Namibiërs te bemagtig deur middel van onderrig en behoorlike gesondheidsdienste, terwyl kwesbare lede van die gemeenskap beskerm moet word.

Sy meen hoewel die regering 'n strategie het om armoede te bekamp moet dié veldtog by die huis begin. Kinders moet bewus gemaak word van die noodsaaklikheid van formele onderrig. Jong seuns moet van kleins af geleer word dat geweld teenoor vroue nie aanvaarbaar is nie. Moeders moet begin om openlik met hul kinders oor seks en Vigs te gesels.

Sy meen egter dat vroue volgens die Namibiese Vroue Manifes hul lot aan die regering oorlaat in plaas daarvan om self tot aksie oor te gaan.

Namibiese vroue neem deel aan die verkiesingsproses

Volgens die manifes is die ondersteuning wat vroue en kinders kry nie genoegsaam nie. Die manifes versoek die regering om die verkragtingswet, die wet teen huishoudelike geweld en die kindersorg- en beskermingswet so spoedig as moontlik af te handel en te implementeer.

Ander onderwerpe wat in die manifes bespreek word, sluit die gesondheid en voorplantingsregte van vroue, vroue in die ekonomie, armoede, die media en vrede in.

Een van die eise wat die manifes aan die regering stel is om aborsies te wettig as deel van 'n omvattende gesinsbeplanningsbeleid en om vroulike kondome beskikbaar te stel in staatsklinieke.

Me. Frank sê lede van verskeie organisasies was betrokke by die opstel van die manifes en elkeen het sinvolle bydraes op haar gebied gemaak. "Die Namibiese Raad vir Kerke het waardevolle insette gelewer, maar glad nie saamgestem met die wettiging van aborsies nie."

Die kandidatelyste en die uitslae van die verkiesing sal die manifes se eerste groot toets wees.

"Die Vroue Manifes is belangrik as 'n produk en as die resultaat van 'n proses. Dit verteenwoordig die ideale van vroue gelykheid, waardigheid en vryheid en maak 'n beroep op besluitnemers om veranderinge te maak wat hierdie waardes en doelstellings in ons samelewing sal bewerkstellig." - *Monica Koep in haar programrede tydens die vrystelling van die manifes in die Khomas streek.*